Verwysing: 20200731-7313
Lêernommer: 12/12/41/1 (2020/21)
Navrae: L Sangqu

Bestuursrekeningkundeminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle gewone openbare skole

Onderwerp: Verkryging van persoonlike beskermende toerusting vir COVID-19 by gewone openbare skole

1. Paragraaf 3.1 van Omsendbriewe 0035/2019 en 0036/2019, albei van 26 September 2019, verwys.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het ná die aanvanklike inperking ondersteuning met die verskaffing van persoonlike beskermende toerusting (PPE) aan alle skole gebied. Die WKOD sal voortgaan met die verskaffing van verdere PPE-aanvullings aan skole, afhangende van die beskikbaarheid van fondse.

3. Skole moet egter hulle PPE-behoeftes aanvul, waar van toepassing, deur hulle norme-en-standaarde (N&S) -fondse onder die item "**local purchases"** te gebruik**.** Plaaslike aankope sal uitgebrei word om PPE vir COVID-19 in te sluit.

4. Skole word aangeraai om hulle begrotings krities na te gaan en hulle N&S-toewysings vervolgens so te hanteer dat hulle seker maak dat daar genoeg geld vir hulle ander N&S-behoeftes beskikbaar is.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2020-08-26